PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
🖃 Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 🖳 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com

Omsendskrywe 005 – 2021

5 Februarie 2021

Goeiedag Privaatskool Moria

N.a.v. die nuutste regulasies deur ons staatspresident die volgende vertrekpunte wanneer bestuur besluite neem:

- Skep sekerheid binne onsekere omstandighede.
- Strewe daarna om alle gebeurlikhede op die jaarprogram so normaal as moontlik, binne die toegelate Covid-19 regulasies, te laat voortgaan.
- Strewe daarna om elke ontwikkelingsgeleentheid binne Akademie-, Kultuur-, Sport- en Karakter-ontwikkeling tot die beste van ons vermoë te ontgin as geleenthede vir ons skoolgemeenskap.
- Bestaande beplanning word sover as moontlik gevolg. Om enige gebeurlikhede aan te skuif of uit te stel bring die realisering daarvan in gedrang en sal alleenlik gedoen word, indien daar geen ander uitweg is nie.
- ***Die 2021 jaarprogram bly op hierdie stadium dieselfde wat termyne en skoolvakansies betref.***
- Gereelde opdaterings van Moria se program word gemaak, nadat nuwe Covid – 19 regulasies afgekondig word.
- Kommunikasie-kanale word benut om nuutste, betroubare inligting te deel.

MAANDPROGRAM -- FEBRUARIE 2021

Ma. 1 Feb.	Vaklêers inhandig (Personeel)
	Kuber Kuns en Kultuurfees uitgestel
Do. 4 Feb.	Sottekonsert uitgestel
Vry. 5 Feb.	My Zone Media Kamp
Sat. 6 Feb.	My Zone Media Kamp
	Sanlam Atletiek afgestel
So. 7 Feb.	My Zone Media Kamp
Ma. 8 Feb.	Vaklêers terug (Akademie)
Di. 9 Feb.	Zone atletiek (Uitgestel tot verdere kennisgewing van Zone-skole)
Wo. 10 Feb.	Mnr. en Mej. Moria (Onderhoude)
Do. 11 Feb.	Mnr. en Mej. Moria (Be-oordeling- Glansgeleentheid)
Vry. 12 Feb.	Valentynsbal (Afgestel)
Sat. 13 Feb.	Streeksatletiek (Skuif na 6 Maart – Plek sal bevestig word)
Sat. 13 Feb.	My Zone Redaksie Opleiding

Sat. 13 Feb.	Sottekamp
Wo. 17 Feb.	Jnr. Primêre prysuitdeling 2020 (Sien reëlings onderaan)
Do. 18 Feb.	Laerskool- en hoërskool- prysuitdeling 2020
Sa. 20 Feb.	Gravity Cup - Tsumeb (Realisering nog nie bevestig)
Woe. 24 Feb.	***Staatspresident kondig nuwe regulasies aan***
Do. 25 Feb.	Sottekonsert (Formaat sal bekend gemaak word)
Vry. 26 Feb.	Edugate L/S Atletiek (Uitgestel tot verdere kennisgewing)
Sat. 27 Feb.	Edugate H/S Atletiek (Uitgestel tot verdere kennisgewing)
Sat. 27 Feb.	Boogskiet – Ranking Shoot WHS

MORIA PRYSUITDELINGS 2020

As gevolg van die Covid-19 regulasies word sekere klasgroepe in verskillende sessie in die saal toegelaat. Ouers word toelaat om hulle eie kinders se prysuitdeling in die betrokke tydsgleuf by te woon. Asseblief SLEGS pa en ma word toegelaat, geen ander familie of gesinslede nie. Ons maak staat op almal se samewerking dat slegs twee gaste per leerling die geleentheid sal bywoon.

- Woensdag 17 Februarie 2021 (in die skoolsaal)

Prysuitdeling (Akademie, Sport en Kultuur) vir grade 1, 2, en 3 wat in 2020 in Moria was. **Die hele klasgroep woon die geleentheid by.**

(BELANGRIK: Neem kennis dit is hierdie jaar se leerlinge in graad 2, 3, en 4)

18:00 Graad 1 (2020 in graad 1)

18:30 Graad 2 (2020 in graad 2)

19:00 Graad 3 (2020 in graad 3)

Snoepie beskikbaar, maar geen etes sal verkoop word nie.

- Donderdag 18 Februarie 2021 (in die skoolsaal)

Prysuitdeling vir laerskool- en hoërskool-leerlinge (Akademie, Sport en Kultuur).

BELANGRIK: Die leerlinge wat hierdie prysuitdeling moet bywoon sal in kennis gestel word. Die hele klasgroep woon nie die geleentheid by nie.

18:00 Graad 5, 6, en 7 van hierdie jaar (wat in 2020 in graad 4, 5 en 6 in Moria was).
18:40 Graad 8, 9, en 10 van hierdie jaar (wat in 2020 in graad 7, 8 en 9 in Moria was)
19:20 Graad 11 van hierdie jaar (wat in 2020 in graad 10 in Moria was)
20:00 Graad 12 van hierdie jaar (wat in 2020 in graad 11 in Moria was)

Snoepie beskikbaar en eetgoed sal ook verkoop word.

GRAAD 8 KLEREDRAG -- Vanaf Maandag 8 Feb. trek graad 8 leerlinge hulle normale somersdrag aan. Dankie vir almal se samewerking om hulle “snaaks” te laat aantrek vir twee weke. Die graad 8’s het weereens gewys dat kreatiwiteit in ons gemeenskap nie ontbreek nie.

Dankie vir u samewerking en geduld met al die Covid – 19 regulasies. Saam skep ons sekerheid en verseker ons, ons kinders van gehalte skooldae.

Moria - God voorsien!

DP Prinsloo
Skoolhoof